

Inkomstebelasting vrystelling

GEMEENTES VRYGESTEL VAN DIE BETALING VAN INKOMSTEBELASTING

30 Augustus 2010

GEMEENTES IN DIE OOSTELIKE SINODE

GEMEENTES VRYGESTEL VAN DIE BETALING VAN INKOMSTEBELASTING

Die gemeentes het vrystelling vir die betaling van inkomstebelasting by die Vrystellingseenheid verkry. (Kontroleer weer 'n keer julle nommer).

Een van die vereistes vir die vrystelling is dat gemeentes jaarliks 'n opgawe van inkomste indien. Dit moet binne 12 maande na die afsluiting van die finansiële jaar gedoen word. Die Vrystellingseenheid stuur nie 'n vorm vir vrygestelde instansies nie. Hulle meld dat die vorm op hulle webblad beskikbaar is. Instansies kan dit vandaar aflaai, uitdruk, invul en aan die Vrystellingseenheid per pos stuur.

Andersinds kan die vorm aanlyn ingevul en deur die internet ingedien word.

Om julle te help die volgende:

Die IT12EI – Opgawe van Inkomste: Vrygestelde Organisasies, kan aanlyn op die SAID se “E-Filing” webtuiste ingevul en ingehandig word. Om hierdie opsie te kan uitoefen, moet 'n organisasie eerstens op die SAID se webtuiste vir die spesifieke IT12EI-belastingtipe registreer. Dit kan aanlyn by www.sarsefiling.co.za gedoen word en wel deur die volgende stappe te volg:

1. Teken aan op www.sarsefiling.co.za
2. Klik op “Organisations”

3. Klik op "Organisation Tax Types"
4. Klik in die blokkie langs "Business Income Tax (IT14/IT12EI/IT12TR)" sodat daar 'n regmerkie in die blokkie verskyn.
5. Vul die verwysingsnommer in by "Reference number" en kies die "Tax Office" waar die gemeente geregistreer is vir belasting vanaf die kieslys.
6. Klik op "Register" heel onder op die bladsy. Let op dat by "Status" langs "Business Income Tax (IT14/IT12EI/IT12TR)" die volgende sal vertoon: "Awaiting activation". Die SAID behoort binne 48 uur die registrasie te aktiveer en daarna sal die status vertoon: "Return successfully activated"

Nou kan die IT12EI-opgawe elektronies ingevul word. Volg hierdie stappe om die opgawe-vorm op die SAID se webtuiste op te spoor:

1. Teken aan op www.sarsefiling.co.za
2. Klik op "Returns"
3. Aan die linkerkant van die bladsy, klik op "Returns Issued" en kies dan "Income Tax (IT14/IT12TR/IT12EI)"
4. Aan die regterkant van die bladsy, kies die jaar van aanslag vanaf die kieslys en klik op "Request Return"
5. Die opgawe-vorm sal op die skerm verskyn en kan elektronies ingevul word.
6. Onthou om die vorm in te dien ("File") en te stoor ("Save") sodra al die inligting korrek ingevul is.

Sodra die SAID die opgawe verwerk het, sal u 'n e-pos ontvang om u te verwittig dat 'n IT34-aanslag uitgereik is

op die SAID se webtuiste. Die IT34-aanslag kan soos volg opgespoor word op die webtuiste:

1. Teken aan op www.sarsefiling.co.za
2. Aan die linkerkant van die bladsy, klik op "SARS correspondence"
3. Klik op "Search Notices"
4. Kies "Income Tax" vanaf die kieslys by "Tax Type" en "Select All" by "Notice Type"
5. Klik dan op "Search"
6. Die IT34-opgawe se inligting sal verskyn en kan besigtig word deur bloot op "View" te klik.

Baie groete

HJ VAN DER SCHYFF
UITVOERENDE AMTPENAAR